



higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

EKONOMIE N5

(22020095)

28 September 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

104Q1B2028

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
NASIONALE SERTIFIKAAT
EKONOMIE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

NOTA: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in AFDELING A.
 2. Beantwoord enige DRIE van die vier vrae in AFDELING B.
 3. Lees al die vrae aandagtig deur.
 4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
 5. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
 6. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
 7. Rond alle berekenings tot TWEE desimale plekke af.
 8. Skryf netjies en leesbaar.
-

AFDELING A

Beantwoord al die vrae in AFDELING A.

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK.

1.1 ... is 'n voorbeeld van duursame goedere.

- A Petrol
- B Klerasie
- C Eiendom
- D 'n Skootrekenaar



1.2 Huishoudings se uitgawes op goedere en dienste:

- A Nasionale besteding
- B Beleggingsbesteding
- C Verbruiksbesteding
- D Besteding deur die buitelandse sektor

1.3 Wat is die bedrag van nominale inkomste in 2018 ná 'n verhoging van 7,5% op 'n inkomste van R80 000 in 2017?

- A R6 000
- B R74 000
- C R86 000
- D R12 000



1.4 Goedere wat nog verdere verwerking moet ondergaan, word ... genoem.

- A kapitaalgoedere
- B produksiegoedere
- C grondstof
- D intermediêre goedere

1.5 Die fiskale beleid wat die Nasionale Tesourie uitvoer, word gelei deur die ...

- A kabinet.
- B Minister van Finansies.
- C Monetêre beleidskomitee.
- D Reserwebank.



1.6 Mense wat 'n vaste inkomste verdien, wat kwesbaar is vir stygende pryse, is die ...

- A leners.
- B debiteure.
- C pensionarisse.
- D werknemers.



- 1.7 Die hoofhulpmiddel van die fiskale beleid word gebruik om die staat se nasionale inkomste uiteen te sit en bestedingsplanne is die ...
- A inkomstestaat.
 - B balansstaat.
 - C begroting.
 - D kontantvloeiostaat.
- 1.8 Die geldeenheid wat in Washington, VSA gebruik word, is die ...
- A dollar.
 - B Britse pond.
 - C euro.
 - D yen.
- 1.9 'n Positiewe gevolg van inflasie is dat dit ...
- A krediteure bevoordeel.
 - B debiteure bevoordeel.
 - C die prys van goedere en dienste vir hoë verdieners verhoog.
 - D inflasie versterk.
- 1.10 Die HOP in Suid-Afrika was gemoeid met ...
- A grondhervorming.
 - B gemeenskapsgebaseerde openbarewerke-programme.
 - C toegang tot primêre gesondheidsorg.
 - D Al die bogenoemde.

(10 × 2) [20]

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

- 2.1 Verbeterde kapitaalgoedere verlaag arbeidsproduktiwiteit.
- 2.2 Ekonomiese ontwikkeling fokus op mense se lewenstandaard.
- 2.3 Sekuriteit is 'n voordeel van stukloon.
- 2.4 Belasting op suiker is 'n vorm van indirekte belasting.
- 2.5 Huishoudings is die sekondêre deelnemers in die sirkelvloei van die ekonomiese siklus.

(5 × 2) [10]

VRAAG 3

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde neer te skryf. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK.

- 3.1 Die gaping tussen die vlak van uitset en die potensiële vlak van uitset is die ... 
- 3.2 As die getal werklose werkers die getal vakante poste oorskry, word hierdie tipe werkloosheid ... genoem.
- 3.3 'n Betaling wat 'n persoon ontvang en dan aan 'n ander persoon oorbetaal sonder dat 'n diens gelewer is, is 'n ...
- 3.4 Hierdie tipe geld verwys na alle korttermyn- en mediumtermyn-vastekennis- en spaardeposito's wat deur die banksektor gehou word.
- 3.5 Op hierdie mark vind langtermynuitlening en -lening plaas.
- 3.6 ... is 'n metode waardeur vakbonde probeer om hulle lede se indiensnemingsbepalings en -voorwaardes van te verbeter.
- 3.7 Die bykomende koste wat aangegaan word om 'n bykomende eenheid van uitset te produseer, is die ... 
- 3.8 In die betalingsbalans-rekords weerspieël die ... rekening die verandering in eienaarskap van nasionale bates.
- 3.9 Die tydperk tussen die tyd wat 'n persoon 'n werk wil kry en die tyd wat hy 'n werk kry, word ... werkloosheid genoem.
- 3.10 Die huidige Minister van Finansies in Suid-Afrika is ... 

(10 × 2)

[20]**TOTAAL AFDELING A:****50**

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE van die vier vrae in AFDELING B.

VRAAG 4

4.1 Gebruik die volgende verslag om die vrae te beantwoord.



HAEL EN SONBRAND HET IMPAK OP SA SE APPEL- EN PEER-UITVOEROES



Kaapstad – Haelskade, droogte en hoë somertemperature sal na verwagting 'n groot impak van ongeveer 10% in volume op die 2018 Tru-Cape appel- en peeroes hê.

[Bron: Conrad Fick of Tru-Cape FIN 24; 16 Maart 2018]

Dit kan 'n impak op die lone van werkers op die vrugteplase hê.



- 4.1.1 Wat is die bedreiging wat vir die werkers op hierdie vrugteplase voorlê? (2)
- 4.1.2 Onderskei tussen die drie verskillende soorte loonstelsels deur die formule en 'n beskrywing van elke loonstelsel te gee. (14)
- 4.1.3 Verduidelik die term *migrasie* as een van Suid-Afrika se arbeidsprobleme. (5)
- 4.1.4 Nie al die werkers kry dieselfde loon nie.
- Brei uit oor VIER faktore wat tot die ongelykheid van lone kan bydra. (4 × 2) (8)



4.2 Bespreek die VIER funksies van geld.



(4 × 2) (8)

4.3 Lees die verslag hier onder en beantwoord die vrae. 

Op 2 Mei 2018 het die prys van petrol met 49 c/ℓ en diesel met 59 c/ℓ gestyg. Die belangrikste rede vir die prysaanpassings is die rand/dollar-wisselkoers, volgens 'n verklaring deur die Minister van Energie, Jeff Radebe (25/04/2018).

4.3.1 Stipuleer die wisselkoers in Suid-Afrikaanse rand (ZAR) wat vir die volgende geldeenhede gebruik word:

(a) Euro

(b) Pond sterling

(2 × 2) (4)

4.3.2 Bereken die persentasie van verhoging in die dieselprys. 

(5)

4.3.3 Onderskei tussen 'n vaste wisselkoers en 'n swewende wisselkoers. (2 × 2)

(4)
[50]

VRAAG 5

5.1 Lees die verslag hieronder en beantwoord die vrae. 

SAID HOOP VIR HOËR GROEI OM INSAMELING TE VERHOOG



[Bron: City Press; 8 April 2018]

5.1.1 Skryf die naam van die instelling vol uit.

(2)

5.1.2 Kopieer en voltooi die volgende TABEL in die ANTWOORDBOEK, deur die TWEE tipes belasting, hulle definisies en DRIE vorms of voorbeelde van elke tipe belasting in te vul. 

	TIPE BELASTING	TIPE BELASTING
Definisie	(2)	(2)
Vorms	(3)	(3)

(2 × 5) (10)

5.2 Hersien die syfers in die volgende tabel:



ITEM	RAND (In miljard)
BBP teen markpryse	307 776
Netto faktor betalings aan buitelandse lande	9 093
Voorsiening vir depresiasie	58 998
Indirekte belastings	46 039
Subsidies	6 949

Bereken die BNP en NNP teen markpryse.



(7)

5.3 Bespreek VIER metodes om nasionale inkomste te verhoog.

(15)

5.4 Onderskei tussen die volgende aspekte van die bepaling van die wisselkoers:

5.4.1 Revaluasie

5.4.2 Devaluasie

5.4.3 Appresiasie

5.4.4 Depresiasie



(4 × 2)

(8)

5.5 Wie is die huidige president van die SARB?

(2)

5.6 Onderskei tussen die *transaksiemotief* en *voorsorgmotief* om geld te hou en gee 'n voorbeeld van elk.

(2 × 2)

(4)

5.7 Waar word die vloeï van valuta oor grense vir internasionale transaksies aangeteken?




(2)

[50]

VRAAG 6

6.1 Bestudeer die foto hier onder en beantwoord die vrae.



[Bron: www.bbrief.co.za; 26 February 2018]

6.1.1 Is die persoon hier bo werkloos? Staaf jou antwoord. (2)

6.1.2 Oorweeg die huidige ekonomiese situasie van Suid-Afrika.



Gee TWEE redes vir die leë sakke van die persoon hier bo. (2)


6.2 Noem DRIE vorms van die Suid-Afrikaanse regering. (3 × 2) (6)

6.3 Onderskei tussen *binnelandse inkomste* en *nasionale inkomste*. (2 × 2) (4)

6.4 Beskryf hoe ekwilibrium in die arbeidsmark gevorm word. (2)



6.5 Bestudeer die grafiek hier onder en beantwoord die vrae.



6.5.1 Definieer die term *inflasie*. (3)



6.5.2 Bereken die persentasieverskil tussen Maart 2018 en April 2018 en noem of dit 'n styging of daling was. (9)

6.5.3 Noem TWEE oorsake van hierdie verandering in die inflasiekoers. (2)

6.6 Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Die aankoopafdeling van *Abby and Lace* koop materiaal van 'n vervaardiger in Mauritius vir R5 000,00. *Abby and Lace* verkoop die materiaal aan 'n bruidsboetiek vir R8 000,00. Die toegevoegde waarde op hierdie materiaal is R3 000,00. Die boetiek verkoop 'n trourok wat van hierdie materiaal gemaak is vir R20 000,00.

6.6.1 Bereken die toegevoegde waarde deur dubbeltelling in die berekening van die Nasionale Inkomste te vermy. (4)



6.6.2 Skryf die formule neer om die Nasionale Inkomste te bereken. (4)

6.6.3 Nasionale Inkomste-syfers word gebruik en toegepas om die syfers in die ekonomie te bepaal.

Bespreek elkeen kortliks.



(3 × 3) (9)

6.7 Wat is die rasionaal van die Suid-Afrikaanse handelsbeleid? (3)

[50]

VRAAG 7

7.1 Lees die verslag hier onder en beantwoord die vraag.



[Bron: *FIN 24*; 28 March 2018]


Bespreek VIER primêre funksies van die instelling hier bo.



(4 × 2)

(8)

7.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae.



7.2.1 Wat dui die kromme S1 aan?

7.2.2 Verduidelik die effek van 'n verhoging in die prys van die VS dollar op Suid-Afrikaanse invoere.



7.2.3 As die vraag vir die VS dollar styg en die aanbod daarvan daal, wat gebeur met die ewilbriumprys?



(3 × 2)

(6)

7.3 Verskaf VYF funksies van vakbonde.

(5)

7.4 Verskaf 'n oorsig van die algemene doelwitte van die fiskale beleid in Suid-Afrika.

(10)

7.5 Bereken die volgende ontbrekende waardes en skryf die antwoord langs die vraagnommer (7.5.1–7.5.6) in die ANTWOORDBOEK:

JAAR	FISIESE HOEEVEELHEID FINALE GOEDERE EN PRODUKTE	MARKPRYSE (R)	HUIDIGE WAARDE (R)	REËLE WAARDE (R)
2016	200	06	7.5.1	7.5.2
2017	250	12	7.5.3	7.5.4
2018	300	18	7.5.5	7.5.6



(6 × 2)

(12)

7.6 Noem NEGE maniere waarop armoede verminder kan word.

(9)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200